**Die Mettediens vir Lasarussaterdag**

Priester Geseënd is ons God, immer, nou en altyd en tot in ewigheid.

**Leser Amen.**

Priester Eer aan U, ons God, eer aan U.

Hemelse Koning, Trooster, Gees van die Waarheid,
alomteenwoordig en met Wie alles vervul is,
Skatkis van die goeie en Gewer van lewe,
kom woon in ons,
suiwer ons van alle onreinheid,
en red ons siele, o Goeie.

**Leser Heilige God, Heilige Magtige, Heilige Onsterflike, ontferm U oor ons.** (drie maal)

**Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.**

**Alheilige Drie-eenheid, ontferm U oor ons.**
**Here, reinig ons van ons sondes.**
**Meester, vergeef ons ons oortredinge.**
**Heilige, besoek en genees ons swakhede,**
**om u Naams ontwil.**

**Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.**

**Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.**

**Onse Vader, wat in die hemele is,**
**laat u naam geheilig word.**
**Laat u koninkryk kom.**
**Laat u wil geskied**
**soos in die hemel net so ook op die aarde.**
**Gee ons vandag ons daaglikse brood**
**en vergeef ons ons skulde**
**soos ons ook ons skuldenaars vergewe**
**en lei ons nie in versoeking nie**
**maar verlos ons van die bose.**

Priester Want aan U behoort die Koninkryk en die krag en die heerlikheid, aan die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.

**Leser Amen.**

**Here, ontferm U.** (twaalf maal)

**Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.**

**Kom, laat ons aanbid en neerval voor God, ons Koning.**
**Kom, laat ons aanbid en neerval voor Christus God, ons Koning.**
**Kom, laat ons aanbid en neerval voor Christus self, ons Koning en God.**

[Psalm 19

Mag die Here u verhoor in die dag van benoudheid; mag die Naam van die God van Jakob u beskerm.

Mag Hy u hulp stuur uit die heiligdom, en u ondersteun uit Sion.

Mag Hy dink aan al u offerandes en u brandoffer met welgevalle aansien.

[5] Mag Hy u gee na u hart en al u voornemens vervul.

Ons sal ons verheug in u verlossing, en in die Naam van ons God sal ons verheerlik word. Mag die Here al u bedes vervul.

Nou weet ek dat die Here sy gesalfde gered het; Hy sal hom verhoor uit sy heilige hemel; in magtige dade is die verlossing van sy regterhand.

Sommige roem op strydwaens en sommige op perde, maar ons sal verheerlik word deur die Naam van die Here.

Hulle is geboei en het geval, maar ons het opgestaan en is opgerig.

[10] Here, verlos die koning, en verhoor ons, op die dag wanneer ons U aanroep.

Psalm 20

Here, in u sterkte sal die koning bly wees, en in u verlossing sal hy hom uitermate verheug.

U het hom sy hartsverlange gegee en die begeerte van sy lippe nie geweier nie.

Want U het hom tegemoetgekom met seëninge van goedheid; op sy hoof het U ’n kroon van edelstene geplaas.

[5] Hy het die lewe van U gevra en U het hom lengte van dae gegee, vir ewig en altyd.

Groot is sy roem in u heil; U sal heerlikheid en majesteit op hom lê.

U sal hom seën vir ewig en altyd; U sal hom bly maak met vreugde by u aangesig.

Want die koning vertrou op die Here, en deur die barmhartigheid van die Allerhoogste sal hy nie wankel nie.

Laat u hand deur al u vyande ervaar word; laat u regterhand almal vind wat U haat.

[10] U sal hulle tot 'n vuuroond maak tydens u verskyning; die Here sal hulle teister in sy toorn, en vuur sal hulle verteer.

U sal hul vrug van die aarde af verdelg, en hul nageslag van die mensekinders af weg.

Want hulle het onheil teen U bedoel, en hulle het planne bedink, wat hulle glad sal kan uitvoer nie.

U sal hulle op die vlug laat slaan; onder u oorblyfsel sal U hul teenwoordigheid berei.

Verhef U, Here, in u sterkte; ons sal sing en psalmsing oor u magtige dade.

**Leser** **Heilige God, Heilige Magtige, Heilige Onsterflike, ontferm U oor ons.** (drie maal)

**Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.**

**Alheilige Drie-eenheid, ontferm U oor ons.**
**Here, reinig ons van ons sondes.**
**Meester, vergeef ons ons oortredinge.**
**Heilige, besoek en genees ons swakhede,**
**om u Naams ontwil.**

**Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.**

**Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.**

**Onse Vader, wat in die hemele is,**
**laat u naam geheilig word.**
**Laat u koninkryk kom.**
**Laat u wil geskied**
**soos in die hemel net so ook op die aarde.**
**Gee ons vandag ons daaglikse brood**

**en vergeef ons ons skulde**
**soos ons ook ons skuldenaars vergewe**
**en lei ons nie in versoeking nie,**
**maar verlos ons van die bose.**

Priester Want aan U behoort die Koninkryk en die krag en die heerlikheid, aan die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.]

**Leser** **Amen.**

**Here, red u volk,**
**en seën u erfdeel;**
**skenk die oorwinning**
**aan die vromes oor hul vyande;**
**en deur die krag van u Kruis bewaar u gemeenskap.**

**Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees.**

**Uit vrye wil verhef op die Kruis,**
**skenk u barmhartighede, o Christus God, aan die nuwe gemeenskap wat u naam dra.**
**Verbly u volk deur u krag**
**en skenk hul die oorwinning oor hul vyande.**
**Mag hul U as bondgenoot hê,**
**'n wapen van vrede**
**'n onoorwinlike segeteken.**

**Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.**

**Ontsagwekkende beskermster**
**wat nie beskaam nie,**
**verag, o goeie, ons smeekbedes nie.**
**O albesonge Theotokos,**
**versterk die Ortodokse gemeenskap,**
**red u volk en gee hulle die oorwinning vanuit die hemel,**
**want u het God gebaar, o Enig-geseënde.**

Diaken* Wees ons barmhartig, o God, volgens u groot barmhartigheid, ons bid U, hoor ons en wees barmhartig.

**Volk** **Here, ontferm U.** (3x) En so na elk van die oorblywende bedes.

Ook bid ons vir die vrome, Ortodokse Christene.

Ook bid ons vir ons vader, pous en patriarg N., ons aartsbiskop en herder N., en vir al ons broers en susters in Christus.

Priester Want U is ’n barmhartige en mensliewende God, en tot U stuur ons die lof omhoog, tot die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.

**Leser** **Amen. Vader, seën in die Naam van die Here.**

Priester Eer aan die heilige, eenwesenlike, lewendmakende en onverdeelde Drie-eenheid, immer, nou en altyd en tot in ewigheid.

**Leser** Amen.

**Die Ses Psalms**

Eer aan God in die hoogste hemele, en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae. (drie maal)

Here, U sal my lippe open, en my mond sal u lof verkondig. (twee maal)

Psalm 3

Here, waarom het my verdrukkers vermenigvuldig? Baie staan teen my op.

Baie sê van my siel: Daar is geen redding vir hom in sy God nie.

Maar U, Here, is my helper, my eer en die Een wat my hoof ophef.

Met my stem het ek tot die Here geroep, en Hy het my gehoor vanaf sy heilige berg.

Ek het gaan lê en aan die slaap geraak; ek het wakker geword, want die Here sal my help.

Ek sal nie bang wees vir tienduisende van die volk wat rondom my stelling inneem nie.

Staan op, Here; red my, my God; want U het almal geslaan wat my sonder rede haat, die tande van sondaars het U verbrysel.

Aan die Here behoort die redding, en oor u volk is u seën.

En weer

Ek het gaan lê en aan die slaap geraak; ek het wakker geword, want die Here sal my help.

Psalm 37

Here, straf my nie in u toorn nie en kasty my nie in u grimmigheid nie.

Want u pyle het in my ingedring, en u hand het swaar op my gerus.

Daar is geen genesing in my vlees vanweë u grimmigheid nie, daar is geen vrede in my gebeente nie vanweë my sonde.

Want my ongeregtighede het oor my hoof gegaan; soos ’n swaar las het hulle my neergedruk.

My wonde het gestink en swere gevorm vanweë my dwaasheid.

Ek het in ellende verkeer, en was heeltemal krom; die hele dag het ek in rou gegaan.

Want my lendene is gevul met bespottinge, en daar is geen genesing in my vlees nie.

Ek is mishandel en erg verneder, ek het geweekla vanweë die gesug van my hart.

Here, voor U is heel my begeerte, en my gesug is nie vir U verborge nie.

My hart is verwar, my krag het my verlaat, en die lig van my oë, ook dit is nie by my nie.

My vriende en bure het nadergekom en teenoor my gestaan, en my naasbestaandes het ver van my gestaan.

En dié wat my lewe soek, het geweld gebruik, en hulle wat my ongeluk soek, het dwaashede gepraat en die hele dag listige planne bedink.

Maar ek, soos ’n dowe het ek niks gehoor nie, en soos ’n stomme wat sy mond nie oopmaak nie.

En ek het geword soos ’n man wat nie hoor nie en wat geen teregwysing in sy mond het nie.

Want op U, Here, het ek gehoop; U sal verhoor, Here my God.

Want ek het gesê: Laat my vyande nooit oor my leedvermaak hê nie; toe my voete gewankel het, het hulle grootgepraat teenoor my.

Want ek is gereed vir slae, en my smart is altyddeur voor my.

Want ek sal my ongeregtigheid bely, en my bekommer oor my sonde.

Maar my vyande lewe en hulle het te sterk geword vir my, en hulle wat my op onregverdige wyse haat, het vermenigvuldig.

En dié wat kwaad vir goed vergeld, het my belaster, omdat ek die goeie nagejaag het.

Verlaat my nie, Here my God; gaan nie van my af weg nie.

Maak gou om my te help, Here van my verlossing.

En weer:

Verlaat my nie, Here my God; gaan nie van my af weg nie. Maak gou om my te help, Here van my verlossing.

## Psalm 62

O God, my God, vroeg in die môre kom ek na U; my siel het na U gedors; hoe dikwels het my vlees na U verlang in ’n verlate land, onbegaanbaar en sonder water.

So het ek in die heiligdom voor U verskyn, om u mag en u heerlikheid te sien.

Want u barmhartigheid is beter as die lewe; my lippe sal U prys.

So sal ek U prys my lewe lank, en in u Naam my hande ophef.

Mag my siel soos met vet en vettigheid versadig word, en my mond sal U prys met jubelende lippe.

Wanneer ek aan U gedink het op my bed, soggens, het ek oor U gepeins.

Want U was ’n hulp vir my, en in die skaduwee van u vleuels sal ek jubel.

My siel is aan U verkleef, u regterhand het my gehelp.

Maar hulle wat vergeefs my siel gesoek het, sal in die onderste plekke van die aarde ingaan.

Hulle sal oorgelewer word aan die mag van die swaard; die deel van jakkalse sal hulle word.

Maar die koning sal bly wees in God; elkeen wat by Hom sweer, sal geprys word, want die mond van hulle wat onregmatige dinge spreek, is toegestop.

## En weer:

Soggens het ek oor U gepeins. Want U was ’n hulp vir my, en in die skaduwee van u vleuels sal ek jubel.

My siel is aan U verkleef, u regterhand het my gehelp.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja, halleluja, halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja, halleluja, halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja, halleluja, halleluja. Eer aan U, o God.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 87

Here, God van my heil, bedags, en ook in die nag, het ek voor u aangesig geroep.

Laat my gebed voor u aangesig kom; neig u oor tot my smeking.

Want my siel is versadig met die kwade, en my lewe het tot na aan die doderyk gekom.

Ek is gereken by dié wat in die kuil neerdaal; ek het geword soos 'n man wat sonder hulp is, vry onder die dooies.

Soos dié wat verslaan is en in die graf lê, aan wie U nie gedink het nie, en hulle is afgestoot van u hand.

Hulle het my in die diepste kuil gesit, in duisternis en in die skadu van die dood.

U grimmigheid het swaar op my gerus, en U het al u golwe teen my gebring.

U het my bekendes ver van my verwyder; hulle het my 'n gruwel vir hulself gemaak; ek is oorgelewer en het nie uitgegaan nie;

my oë het swak geword vanweë my armoede; ek het U aangeroep, Here, die hele dag deur; ek het my hande tot U uitgestrek.

Sal U vir die dooies wonders doen? Of sal geneeshere hulle laat opstaan en sal hulle U bely?

Sal iemand u barmhartigheid in die graf bekendmaak, of u waarheid in die plek van vernietiging?

Sal u wonders in die duisternis bekend word, en u geregtigheid in die land van vergetelheid?

Maar ek het U aangeroep, Here, en in die môre sal my gebed U tegemoet kom.

Waarom, Here, het U my siel verstoot, en wend U u aangesig van my af weg?

Ek is arm en ervaar moeite van my jeug af; nadat ek verhoog is, is ek verneder en het ek in wanhoop verval.

U toorn het oor my gegaan, en u verskrikkinge het my verbyster.

Hulle het my omring soos water; die hele dag het hulle my saam omsingel.

U het vriend en naaste ver van my verwyder, en my bekendes vanweë my ellende.

En weer:

Here, God van my heil, bedags het ek geroep en ook snags voor U.

Laat my gebed voor u aangesig kom, neig u oor tot my smeking.

## Psalm 102

Loof die Here, o my siel, en alles wat binne my is sy heilige Naam.

Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie.

Wat al jou ongeregtighede vergewe, wat al jou kwale genees.

Wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou met barmhartigheid en deernis kroon;

wat jou verlange met die goeie vervul; jou jeug sal weer nuut word soos dié van ’n arend.

Die Here bewys barmhartigheid en geregtigheid aan al die veronregtes.

Hy het aan Moses sy weë bekend gemaak, aan die kinders van Israel sy wil.

Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en groot van goedertierenheid.

Nie tot die einde sal Hy vertoorn wees nie, ook sal Hy nie vir ewig wraaksugtig wees nie.

Nie volgens ons ongeregtighede het Hy met ons gehandel nie, ook het Hy ons nie vergeld volgens ons sondes nie,

want so hoog soos die hemel is bo die aarde, het die Here sy barmhartigheid laat toeneem oor dié wat Hom vrees.

So ver as die ooste van die weste is, so ver het Hy ons ongeregtighede van ons verwyder.

Soos ’n vader medelye het met sy kinders, so het die Here medelye gehad met dié wat Hom vrees,

want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, Hy het onthou dat ons stof is.

Die mens: soos die gras is sy dae; soos ’n blom van die veld, so sal hy bloei.

Want die wind het daaroor gegaan, en dit sal nie meer wees nie, en dit sal sy plek nie meer ken nie.

Maar die barmhartigheid van die Here is van ewigheid tot ewigheid oor dié wat Hom vrees, en sy geregtigheid vir kindskinders;

vir dié wat sy verbond hou; en dink aan sy gebooie om dié te doen.

Die Here het sy troon in die hemel berei en sy koninkryk heers oor alles.

Loof die Here, al sy engele, kragtiges in mag wat sy woord volbring in gehoorsaamheid aan die stem van sy woorde.

Loof die Here, al sy leërskare, sy dienaars wat sy wil doen.

Loof die Here, al sy werke op al die plekke van sy heerskappy; loof die Here, o my siel.

En weer:

Op al die plekke van sy heerskappy: Loof die Here, o my siel.

Psalm 142

Here, hoor my gebed; luister na my smeking in u waarheid; verhoor my in u geregtigheid.

En gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, sal voor u aangesig geregverdig word nie.

Want die vyand het my siel vervolg; hy het my lewe tot teen die grond verneder; hy het my laat sit in duisternis soos hulle wat lankal dood is,

en my gees is vermoeid oor my; my hart is ontsteld in my.

Ek het gedink aan die dae van weleer; ek het nagedink oor al u dade; oor die werke van u hande het ek steeds nagedink.

Ek het my hande na U toe uitgesteek; my siel smag na U soos 'n dorsland.

Hoor my gou, Here; my gees het my begewe; wend nie u aangesig van my af nie, sodat ek nie sal word soos hulle wat in die kuil neerdaal nie.

Laat my in die môre u barmhartigheid hoor, want op U het ek my hoop gestel; maak aan my die weg bekend, Here, waarop ek moet gaan, want tot U het ek my siel opgehef.

Bevry my van my vyande, Here, want tot U het ek my toevlug geneem.

Leer my om u wil te doen, want U is my God; u goeie Gees sal my in 'n land van opregtheid lei.

Om u naam ontwil, Here, sal U my lewend maak; in u geregtigheid sal U my siel uit verdrukking lei.

En in u ontferming sal U my vyande uitroei en sal U almal vernietig wat my siel verdruk, want ek is u kneg.

En weer

Verhoor my in u geregtigheid, o Here, en gaan nie na die gereg met u kneg nie. (twee maal)

U goeie Gees sal my in ’n land van opregtheid lei.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja, halleluja, halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja, halleluja, halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja, halleluja, halleluja. Eer aan U, o God.

Diaken* Laat ons in vrede bid tot die Heer.

**Volk** **Here, ontferm U.** En so ná elk van die volgende bedes.

Diaken* Om die vrede van bo en die redding van ons siele, laat ons bid tot die Heer.

Om vrede vir die hele wêreld, die welsyn van die heilige Kerke van God, en die eenheid van almal, laat ons bid tot die Heer.

Vir hierdie heilige Huis, en vir hulle wat dit met geloof, eerbied en die vrees van God betree, laat ons bid tot die Heer.

Vir ons vader, pous en patriarg N., vir ons aartsbiskop en herder N., vir die eerbiedwaardige priesterskap, die diakonaat in Christus, vir alle geestelikes en die hele volk, laat ons bid tot die Heer.

Vir die mense van ons land, en vir alle owerhede en magte wat oor ons gestel is, laat ons bid tot die Heer.

Vir hierdie patriargaat en hierdie heilige bisdom, vir alle stede en dorpe, en vir die gelowiges wat daar woon, laat ons bid tot die Heer.

Vir gunstige weer, ’n oorvloedige opbrengs van die aarde, en tye van vrede, laat ons bid tot die Heer.

Vir reisigers op land, see en in die lug, vir hulle wat siek is en hulle wat ly, vir gevangenes en hul verlossing, laat ons bid tot die Heer.

Om ons bevryding van alle verdrukking, toorn, gevaar en nood, laat ons bid tot die Heer.

Help ons, red ons, ontferm U oor ons en bewaar ons, o God, deur u genade.

Terwyl ons ons alheilige, onbevlekte, hooggeseënde en glorieryke Meesteres, die Theotokos en immermaagd Maria, saam met al die heiliges gedenk, laat ons onsself en mekaar en ons hele lewe toevertrou aan Christus ons God.

**Volk** **Aan U, o Heer.**

Want U kom toe alle heerlikheid, eer en aanbidding, Vader, Seun en Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.

**Volk** **Amen.**

Toon 1

Die Here is God en het aan ons verskyn. Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here.

Vs. 1 Bely die Here met dankbaarheid, en roep sy heilige Naam aan.

Vs. 2 Al die nasies het my omsingel, maar in die Naam van die Here het ek hulle afgeweer.

Vs. 3 Dit het van die Here gekom, en dit is wonderbaar in ons oë.

Apolitikion – Toon 1

Toe U Lasarus voor u Lyding uit die dode opgewek het,
het U die gemeenskaplike Opstanding bevestig, o Christus God.
Daarom dra ook ons soos die Kinders die oorwinningstekens
en roep ons tot U, die Oorwinnaar oor die Dood:
“Hosanna in die hoogste hemele.
Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here.”

(drie maal)

## DIE KLEIN LITANIE

Priester Laat ons keer op keer in vrede bid tot die Heer.

**Volk** **Here, ontferm U.**

Priester Help ons, red ons, ontferm U oor ons, en bewaar ons, o God, deur u genade.

**Volk** **Here, ontferm U.**

Priester Terwyl ons ons alheilige, onbevlekte, hooggeseënde en glorieryke Meesteres, die Theotokos en immermaagd Maria,

saam met al die heiliges gedenk, laat ons onsself en mekaar en ons hele lewe toevertrou aan Christus ons God.

**Volk** **Aan U, o Heer.**

Priester Want aan U behoort die mag, en aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid: aan die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.

**Volk** **Amen.**

Kathisma - Toon 1 (Τοῦ λίθου σφραγισθέντος)

Daar U medelye gehad met die trane van Martha en Maria,
het U beveel dat die klip weggerol word van die graf, o Christus God.
U het die dooie geroep en hom opgewek,
o Gewer van lewe aan die wêreld,
en deur hom die Opstanding bevestig.
Eer aan u mag, o Heiland.
Eer aan u gesag.
Eer aan U wat deur u woord alles tot stand gebring het.

Eer aan die Vader en aan aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Herhaal: Daar U medelye gehad met die trane van Martha en Maria…

Die Lofprysinge – Toon 5

Lofwaardig is U, o Heer, leer my u gebooie.

Die Engeleskaar was verbaas om te sien
dat U onder die dooies getel word,
dat U die krag van die dood vernietig,
terwyl U Adam saam met U laat opstaan
en almal verlos uit die Doderyk.

Lofwaardig is U, o Heer, leer my u gebooie.

“Waarom meng julle, o Vrouedissipels,
uit medelye julle trane met mirre?”
het die stralende Engel in die graf vir die Mirredraagsters gevra:
“Aanskou die graf en wees bly,
want die Verlosser het opgestaan uit die graf.”

Lofwaardig is U, o Heer, leer my u gebooie.

Vroeg in die môre het die Mirredraagsters
hulle met geweeklaag na u graf gehaas.
Maar die Engel het voor hul gaan staan en gesê:

“Die tyd vir weeklag is verby. Moenie ween nie.
Maar vertel die Apostels van die Opstanding.”

Lofwaardig is U, o Heer, leer my u gebooie.

Toe die Mirredraende Vroue
met mirre na u graf toe kom, o Verlosser,
het hulle ’n Engel duidelik tot hulle hoor spreek:
“Waarom tel julle die Lewende onder die dooies?
Want as God het Hy opgestaan uit die graf.”

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees.

Ons aanbid die Vader en sy Seun en die Heilige Gees,
die Heilige Drie-eenheid een in wese,
terwyl ons saam met die Serafim uitroep:
“Heilig, Heilig, Heilig, is U, o Heer.”

Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Deur die Leweskenker te baar, het u, o Maagd,
Adam van sy sonde verlos.
En aan Eva het u vreugde in plaas van droefheid gegee.
Want Hy wat uit u vlees aangeneem het, God sowel as Mens,
het hom wat van die lewe weggeval het
weer teruggelei na die lewe toe.

Halleluja, halleluja, halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja, halleluja, halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja, halleluja, halleluja. Eer aan U, o God.

## DIE KLEIN LITANIE

Priester Laat ons keer op keer in vrede bid tot die Heer.

**Volk** **Here, ontferm U.**

Priester Help ons, red ons, ontferm U oor ons, en bewaar ons, o God, deur u genade.

**Volk** **Here, ontferm U.**

Priester Terwyl ons ons alheilige, onbevlekte, hooggeseënde en glorieryke Meesteres, die Theotokos en immermaagd Maria, saam met al die heiliges gedenk, laat ons onsself en mekaar en ons hele lewe toevertrou aan Christus ons God.

**Volk** **Aan U, o Heer.**

Priester	Want geloof en verheerlik sy die heerskappy van u Koninkryk, van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.

Kathisma - Toon 5		(Τὸν συνάναρχον Λόγον)

O Bron van wysheid en voorkennis,
toe U in Betanië kom,
het U die metgeselle van Martha geroep en gevra:
“Waar het julle my vriend Lasarus neergelê?”
Ná U uit medelye geween het,
het U hom wat vier dae dood was, deur u stem opgewek,
o Mensliewende Barmhartige,
as die leweskenkende Heer.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Herhaal:	O Bron van wysheid en voorkennis…

Daar is geen Evangelielesing nie, maar ons sing, soos op Sondae, in Toon 6:

Noudat ons Christus se Opstanding aanskou het,
laat ons die heilige Here Jesus aanbid,
wat alleen sonder sonde is.
U Kruis vereer ons, o Christus,
en u heilige Opstanding besing en verheerlik ons;
want U is ons God;
buiten U ken ons geen ander nie:
ons roep u Naam aan.
Kom, alle gelowiges,
laat ons die heilige Opstanding van Christus vereer,
want kyk, deur die Kruis het daar vreugde oor heel die wêreld gekom.
Terwyl ons die Here altyd loof,
besing ons sy Opstanding,
want deur die Kruis vir ons te verduur,
het Hy die dood deur die dood vernietig.

Psalm 50

Ontferm U oor my, o God, volgens u groot barmhartigheid en wis volgens die oorvloed van u medelye my oortreding uit.

Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde.

Want ek ken my ongeregtigheid, en my sonde is altyd voor my.

Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat boos is in u oë, sodat U geregverdig mag word deur u woorde, en u mag oorwin wanneer U geoordeel word.

Want kyk, in ongeregtighede is ek ontvang, en in sondes het my moeder my gebaar.

Want kyk, U het waarheid liefgehad, die geheime en verborgene van u wysheid het U aan my bekend gemaak.

U sal my besprinkel met hisop, en ek sal gereinig word; U sal my was en ek sal witter word as sneeu.

U sal my vreugde en blydskap laat hoor; die vernederde gebeentes sal jubel.

Wend u aangesig van my sondes af, en wis al my ongeregtighede uit.

Skep in my 'n rein hart, o God, en gee opnuut 'n opregte gees in my binneste.

Verwerp my nie van u aangesig nie, en neem u Heilige Gees nie van my weg nie.

Gee my weer die vreugde van u heil, en versterk my deur u bestierende Gees.

Ek sal wetteloses u weë leer, en die goddeloses sal hulle tot U wend.

Red my van bloedskuld, o God, God van my heil; my tong sal jubel oor u geregtigheid.

Here, U sal my lippe open, en my mond sal u lof verkondig.

Want as U 'n offer verlang het, sou ek dit gegee het; in brandoffers sal U geen behae hê nie.

'n Offer aan God is 'n verbryselde gees; 'n verbryselde en vernederde hart sal God nie verag nie.

Doen goed, Here, aan Sion in u welbehae, en laat die mure van Jerusalem gebou word.

Dan sal U 'n welbehae hê in 'n offer van geregtigheid, in offergawe en brandoffers; dan sal hulle stiere offer op u altaar.

Kanon – deur Theofanes  (Odes 1- 8 verkort, Ode 9 volledig)
Eerste Ode – Toon 8
Irmos

Laat ons ’n oorwinningslied sing vir die Here
wat sy volk deur die Rooi See gelei het,
want Hy is verheerlik.

Tweede Kanon – deur Kosmas die Monnik

Eerste Ode – Toon 8
Irmos

U wat eens die hele Skepping uit die niet geskep het,
en die binnekamers van ons harte ken,
maak nou as Meester vooraf die ontslaping van Lasarus aan u Dissipels bekend.

Katawasia

Op trek deur die see soos oor droë grond
om aan die ellendes van Egipte te ontvlug,
het die Israeliet uitgeroep:
"Laat ons sing tot ons Verlosser en God."

Eerste Kanon
Derde Ode – Toon 8
Irmos

U is die sterkte van hulle wat hulle tot u haas, o Heer,
U is die lig van die wat in duisternis verkeer,
en my gees besing U.

Tweede Kanon
Derde Ode – Toon 8
Irmos

Toe U in Betanië by die graf van Lasarus staan,
o wonderdoenende Heer,
het U hom volgens die wet van die natuur beween,
en daardeur, o Jesus my God,
die vlees wat U aangeneem het, bevestig.

Katawasia

U het die gewelf van die hemel gemaak, o Heer,
en U is die Kerk se bouer,
versterk my in u liefde,
o kruin van ons verlange,
ondersteuning van gelowiges,
enig Mensliewende

DIE KLEIN LITANIE

Diaken* Laat ons keer op keer in vrede bid tot die Heer.

**Volk** **Here, ontferm U.**

Diaken* Help ons, red ons, ontferm U oor ons, en bewaar ons, o God, deur u genade.

**Volk** **Here, ontferm U.**

Diaken* Terwyl ons ons alheilige, onbevlekte, hooggeseënde en glorieryke Meesteres, die Theotokos en immermaagd Maria, saam met al die heiliges gedenk, laat ons onsself en mekaar en ons hele lewe toevertrou aan Christus ons God.

**Volk** **Aan U, o Heer.**

Priester Want U is ons God, en tot U stuur ons die lof omhoog, tot die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.

**Volk** **Amen.**

Kathisma - Toon 4 (Κατεπλάγη Ἰωσὴφ)

Die suster van Lasarus het by die Here gestaan
en bitterlik geween en geweeklaag
en vir die Here gesê: “Lasarus is dood.”
En al was Hy as God nie onbewus van die graf nie, het Hy hulle gevra:
“Waar het julle hom begrawe?”
Toe het Hy die graf genader,
en Lasarus wat vier dae dood was, geroep.
Hy het opgestaan en Hom wat hom laat opstaan het, aanbid.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Toon 8 (Τὴν Σοφίαν καὶ Λόγον)

Daar U as Skepper voorkennis van alles het,
het U in Betanië vooraf vir die Dissipels gesê:
“Ons vriend Lasarus het vandag ontslaap”
en hoewel U geweet het, het U gevra en gesê:
“Waar het julle hom neergelê?”
En U het tot die Vader gebid,
ná U as mens geween het.
Daarna het U hom wat U liefgehad het, uit die Doderyk geroep
en Lasarus wat vier dae dood was, laat opstaan.
Daarom roep ons U toe, o Christus God:
“Aanvaar die lof wat ons waag om U op te dra,
en ag ons almal u heerlikheid waardig.”

Eerste Kanon
Vierde Ode – Toon 8
Irmos

Ek het die misterie van u heilsbestel gehoor, o Heer,
u werke oordink

en u Godheid verheerlik.

Tweede Kanon
Vierde Ode – Toon 8
Irmos

U het as Herder, o Heiland, die man wat reeds vier dae aan bederf onderworpe was,
aan die waarlik aaklige en allesverterende wolf ontruk, o Skepper,
en deur hom het U as magtige Heer
vooraf die universele heerlikheid van u Verrysenis op die derde dag aangedui.

Katawasia

U is my sterkte, U is my krag, U is my God,
U is my blydskap, U wat die boesem van die Vader nie verlaat het nie,
en ons armoede besoek het.
Daarom roep ek saam met die Profeet Habakuk tot U:
“Eer aan u mag, o Mensliewende.”

Eerste Kanon
Vyfde ode – Toon 8
Irmos

O Lig wat nie ondergaan nie,
waarom het U my van u aangesig weggewerp
en waarom het die vyandige duisternis my, die ellendige, bedek?
Maar ek smeek U, laat my terugkeer
en rig my weë na die lig van u gebooie.

Tweede Kanon
Vyfde Ode - Toon 8
Irmos

U het gebid en lof aan die Vader toegeken,
daar U nie ’n vyand van God was nie,
en U het die skare wat rondomheen gestaan het, bevestig, o Lankmoedige,
deur u Vader dank toe te bring,
toe U Lasarus deur u bevel opgewek het.

Katawasia

O Lig wat nie ondergaan nie,
waarom het U my van u aangesig weggewerp
en waarom het die vyandige duisternis my, die ellendige, bedek?
Maar ek smeek U, laat my terugkeer
en rig my weë na die lig van u gebooie.

Eerste Kanon
Sesde Ode – Toon 8

Irmos

O Here, wat Jona alleen in die walvis laat woon het,
verlos my van bederf, soos U hom verlos het,
waar ek vasgevang is in die strikke van die vyand.

Tweede Kanon
Sesde Ode – Toon 8
Irmos

Daar U ware God is, het U van Lasarus se ontslaping geweet,
en U het u Dissipels vooraf daarvan vertel, o Meester,
en so die onbegrensde mag van u Godheid bevestig.

Katawasia

Reinig my, o Heiland, want my oortredinge is baie,
en ek smeek U, lei my op uit die diepte van boosheid.
Want ek het U aangeroep,
en U het my verhoor,
o God van my heil.

DIE KLEIN LITANIE

Diaken* Laat ons keer op keer in vrede bid tot die Heer.

**Volk** **Here, ontferm U.**

Diaken* Help ons, red ons, ontferm U oor ons, en bewaar ons, o God, deur u genade.

**Volk** **Here, ontferm U.**

Diaken* Terwyl ons ons alheilige, onbevlekte, hooggeseënde en glorieryke Meesteres, die Theotokos en immermaagd Maria, saam met al die heiliges gedenk, laat ons onsself en mekaar en ons hele lewe toevertrou aan Christus ons God.

**Volk** **Aan U, o Heer.**

Priester Want U is die Vredevors en die Redder van ons siele, en tot U stuur ons die lof omhoog, tot die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.

**Volk** **Amen.**

Kontakion – Toon 2

Christus, die vreugde van almal,
die Waarheid, die Lig, die Lewe, die Opstanding van die wêreld

het in sy goedheid aan dié op aarde verskyn,
en die beeld van die opstanding geword,
terwyl Hy aan almal die Goddelike vergifnis skenk.

## Ikos

Die Skepper van die heelal het sy Dissipels vooraf ingelig en gesê: "My broers en vriende, ons vriend het ontslaap" - deur dit vooraf te vertel, het U hulle geleer, dat U as Skepper van die heelal alles weet - "Daarom kom, laat ons gaan en 'n ongewone begrafnis aanskou, en laat ons die weeklag van Maria sien en Lasarus se graf. Want daar sal ek 'n wonder doen, en die voorspel tot die Kruis voltrek, en almal die Goddelike vergifnis skenk."

## Die Sinaksarion uit die Menaion en daarna:

Op dieselfde dag, die Saterdag voor Palmsondag, vier ons die Verrysenis van die heilige en regverdige vriend van Christus, Lasarus wat vier dae dood was.

## Verse

U weekla, o Jesus; dit dui op u sterflike natuur.
U maak u vriend lewend; dit dui op u Goddelike krag.

Deur die gebede van u heilige vriend Lasarus, o Christus ons God, ontferm U oor ons. Amen.

## Eerste Kanon
## Sewende Ode – Toon 8
## Irmos

Die Hebreër-kinders het dapper die vlam in die vuuroond vertrap,
en die vuur in dou omskep, terwyl hulle uitroep:
"Lofwaardig is U, Here ons God, tot in ewigheid."

## Tweede Kanon
## Sewende Ode – Toon 8
## Irmos

Toe U u vriend beween het, o Medelydende,
het U die trane van Martha laat bedaar,
en deur u vrywillige lyding het U alle trane van die aangesig van u volk weggeneem.
O God van ons vaders, lofwaardig is U.

## Katawasia

Toe die Jongelinge uit Judea eens in Babilon aankom,
het hulle deur hul geloof in die Drie-eenheid
die vlam van die vuuroond vertrap,
terwyl hulle sing:

"O God van ons Vaders, lofwaardig is U."

Eerste Kanon
Agste Ode – Toon 8
Irmos

Toe die musiekinstrumente saam opklink
en die ontelbare volke die beeld in Dura aanbid,
was die drie Jongelinge ongehoorsaam
en het hulle die Here besing en verheerlik tot in ewigheid.

Ons prys, loof en aanbid die Here.

Tweede Kanon
Agste Ode – Toon 8
Irmos

As mens soek U hom,
maar as God wek U deur 'n woord hom wat vier dae dood was, op.
Daarom besing ons U tot in alle ewigheid.

Katawasia

Besing en verhef die Hemelkoning,
wat die Engeleskaar besing,
tot in alle ewigheid.

Die Magnificat en "Eerbiedwaardiger as die Gerubim…" word nie gesing nie.

Diaken* Ons vereer die Theotokos en Moeder van die Lig met liedere en verheerlik haar.

Eerste Kanon
Negende Ode – Toon 8
Irmos

Laat ons, o volke, die reine Theotokos
op glorieryke wyse vereer.
Sy het die Goddelike vuur in haar skoot ontvang
sonder om verbrand te word.
Laat ons haar verheerlik
met nimmerswygende lofliedere.

Troparia

Alheilige Drie-eenheid, ons God, eer aan U.

Toe die menigtes hom wat vier dae dood was, sien loop,
was hulle verbyster deur die wonder,
en het hulle tot die Verlosser uitgeroep:

"Ons verheerlik U, o God, met liedere."

Hoogheilige Theotokos, red ons.

U bevry Lasarus wat vir dae dood was uit die Doderyk, o Heiland,
en bevestig u glorieryke Verrysenis voor die tyd,
en ek verheerlik U.

Tweede Kanon
Negende Ode – Toon 8
Irmos

Gered deur u toedoen,
bely ons u as ware Theotokos, o reine Maagd,
en met die liggaamlose kore
verheerlik ons u.

Troparia

Refrein: Eer aan U, ons God, eer aan U.

U het u Vader geëer, o Christus,
en deur u gebed gewys dat U nie teen God is nie.
Toe het U hom wat vier dae dood was, op eie gesag opgewek.

Refrein: Eer aan U, ons God, eer aan U.

U het Lasarus wat vier dae dood was, opgewek, my Christus,
en u toon hom aan almal aan
as 'n allerbetroubare getuie van U Verrysenis op die derde dag.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees.

U loop en U ween en U praat, o my Heiland,
en toon so u menslike energie,
maar u Goddelike energie openbaar U
deur Lasarus op te wek.

Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Op onsegbare wyse
het U, my Meester en Heiland, my heil bewerk,
deur die uitoefening van vrye wil
in elk van u twee nature

Katawasia

Gered deur u toedoen,
bely ons u as ware Theotokos, o reine Maagd,

en met die liggaamlose kore
verheerlik ons u.

Die Klein Litanie

Diaken* Laat ons keer op keer in vrede bid tot die Heer.

**Volk** **Here, ontferm U.**

Diaken* Help ons, red ons, ontferm U oor ons en bewaar ons, o God, deur u genade.

**Volk** **Here, ontferm U.**

Diaken* Terwyl ons ons alheilige, onbevlekte, hooggeseënde en glorieryke Meesteres, die Theotokos en immermaagd Maria, saam met al die heiliges gedenk, laat ons onsself en mekaar en ons hele lewe toevertrou aan Christus ons God.

**Volk** **Aan U, o Heer.**

Priester Want al die Kragte van die Hemele prys U en tot U stuur ons die lof omhoog, tot die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.

**Volk** **Amen.**

Eksapostilarion – Toon 1

Heilig is die Here ons God.
Heilig is die Here ons God.
Heilig is die Here ons God.
Verhef die Here ons God, want heilig is Hy.

Eksapostilaria – Toon 3 (Ἐπεσκέψατο ἡμᾶς)

Deur u woord, o Woord van God,
spring Lasarus op
en keer hy terug na die lewe
en die menigtes vereer U met takke, o Magtige,
want U sal die Doderyk finaal deur u dood vernietig.

(twee maal)

Toon 3 (Ἐπεσκέψατο ἡμᾶς)

Deur Lasarus beroof Christus jou alreeds, o Dood,
en waar is jou oorwinning, o Doderyk?
Die geween van Betanië gaan nou oor na jou.
Laat ons almal oorwinningstakke vir Hom waai.

Die Lofpsalms - Toon 1

Psalm 148

[A] Laat alles wat asem het die Here loof. Loof die Here uit die hemele, loof Hom in die hoogste hemele. U kom toe 'n lied, o God.

[B] Loof Hom, al sy Engele. Loof Hom, al sy Magte. U kom toe 'n lied, o God.

Vers. Om 'n vonnis wat opgeskrywe is, aan hulle te voltrek; hierdie eer sal daar vir al sy heiliges wees.

Toon 1

U is die Opstanding en die Lewe van die mensdom, o Christus.
U het by die graf van Lasarus gestaan
en vir ons u twee nature bevestig, o Lankmoedige,
dat U God en mens is wat uit die reine Maagd gekom het.
Want as mens het U gevra waar hy begrawe is,
maar as God het U hom wat vier dae dood was,
op laat staan deur u lewegewende bevel.

Vers. Loof God in sy heiliges; loof Hom in die uitspansel van sy krag.

U het Lasarus wat vier dae dood was
uit die Doderyk op laat staan,
en daardeur die mag van die dood voor u dood hewig geskud.
Deur die een vriend het U die vryheid van bederf van alle mense vooraf verkondig.
Daarom aanbid ons u almagtige gesag, en roep uit:
“Geseënd is U, o Heiland; ontferm U oor ons.”

Vers. Loof Hom oor sy magtige dade; loof Hom na die volheid van sy grootheid.

Martha en Maria het vir die Heiland gesê:
“As U hier was, Here, sou Lasarus nie gesterf het nie.”
Maar Christus, die Opstanding van die ontslapenes,
het hom wat reeds vier dae dood was, uit die dode laat opstaan.
Kom laat ons die gelowiges Hom almal aanbid
wat in heerlikheid kom om ons siele te red.

Vers. Loof Hom met basuingeklank, loof Hom met harp en siter.

Aan u Dissipels het U tekens van u Godheid gegee, o Christus,
maar onder die menigtes het U uself verneder,
omdat U dit wou verberg.
Daarom het U as God wat dinge vooruit weet,
Lasarus se dood vooraf aan die Apostels verkondig,
maar toe U in Betanië onder die menigtes aanwesig was,

het U as mens nie geweet waar u vriend se graf is nie
en navraag gedoen om dit uit te vind.
Maar hy wat deur U op die vierde dag opgestaan het,
het u Goddelike mag bewys.
Almagtige Here, eer aan U.

Vers. Loof Hom met tamboeryn en koordans, loof Hom met snarespel en fluit.

Toon 4

U het u vriend wat vier dae dood was opgewek, o Christus,
en die weeklag van Martha en Maria beëindig.
U het aan almal getoon dat U Hy is met Wie alles vervul is,
deur u Goddelike mag en vrye wil,
tot Wie die Gerubim sonder ophou uitroep:
“Hosanna in die hoogste hemele.
Geseënd is U, God oor almal, eer aan U.”

Vers. Loof Hom met welluidende simbale, loof Hom met simbale van blydskap. Laat alles wat asem het die Here loof.

Martha het tot Maria uitgeroep:
“Die Meester is hier, en Hy roep jou, kom.”
Sy het gehardloop en gekom waar die Here gestaan het,
en toe sy Hom sien, het sy neergeval,
en sy vlekkelose voete gesoen,
en sy het uitgeroep en gesê:
“Here as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie.”

Vers. Staan op, o Here, my God; hef u hand omhoog, en vergeet die armes nie vir altyd nie.

Toon 8

U het Lasarus wat vier dae dood was, in Betanië opgewek.
Want skaars was U by die graf aanwesig
of u stem het lewe geword vir die gestorwene
en die Doderyk het gekreun en hom met vrees vrygelaat.
Groot is die wonder!
O Here wat groot van barmhartigheid is, eer aan U.

Vers. U wil ek bely, o Here, met my hele hart en al u wonders vertel.

Soos U, Here, vir Martha gesê het,
“Ek is die Opstanding”
het U die woord deur die daad in vervulling laat gaan
en Lasarus uit die Doderyk geroep.
Ek smeek U, o Mensliewende, daar U deernis het,
laat ook my wat weens die hartstogte dood is, opstaan.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees.

Toon 2

’n Groot en sonderlinge wonder is vandag voltrek!
Christus het sy vriend wat vier dae dood was,
uit die graf geroep en opgewek.
Laat ons Hom verheerlik as mees glorieryk,
dat Hy deur die gebede van die regverdige Lasarus
ons siele mag red.

Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 2

U is hooggeseënd, o Maagd Theotokos,
want deur Hom wat uit u vlees aangeneem het,
is die doderyk gevange geneem,
Adam teruggeroep, die vloek gedood,
Eva bevry, die dood gedood,
en is ons lewend gemaak.
Daarom roep ons lofprysend uit:
Geseënd is U, Christus ons God,
wat daarin ’n welbehae gehad het, eer aan U!

Die Groot Doksologie word gesing.

[A] Eer aan U, wat ons die lig laat sien het. Eer aan God in die hoogste hemele, en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae.

[B] Ons besing U, ons loof U, ons aanbid U, ons verheerlik U, ons dank U vir u groot heerlikheid.

[A] Here Koning, hemelse God, almagtige Vader; Here, eniggebore Seun, Jesus Christus; en Heilige Gees.

[B] Here God, Lam van God, Seun van die Vader, wat die sonde van die wêreld wegneem, ontferm U oor ons; U wat die sondes van die wêreld wegneem.

[A] Aanvaar ons smeking, U wat sit aan die regterhand van die Vader, en ontferm U oor ons.

[B] Want U alleen is heilig, U alleen is die Heer, Jesus Christus, tot eer van God die Vader. Amen.

[A] Ek sal U elke dag loof, en u Naam prys tot in ewigheid, ja tot in alle ewigheid.

[B] Gee, Here, dat ons vandag van sonde bewaar mag word.

[A] Lofwaardig is U, o Heer, die God van ons vaders, en geprys en verheerlik is u Naam tot in ewigheid. Amen.

[B] Laat u barmhartigheid, Here, oor ons wees, soos ons ons hoop gestel het op U.

[A] Lofwaardig is U, o Here, leer my u gebooie.

[B] Lofwaardig is U, o Meester, leer my u gebooie.

[A] Lofwaardig is U, o Heilige, leer my u gebooie.

[B] Here, U het vir ons 'n toevlug geword van geslag tot geslag. Ek het gesê: O Here, ontferm U oor my. Genees my siel, want ek het teen U gesondig.

[A] Here, tot U het ek my toevlug geneem. Leer my om u wil te doen, want U is my God.

[B] Want by U is die fontein van die lewe. In u lig sal ons die lig sien.

[A] Laat u barmhartigheid voortduur vir die wat U ken. Heilige God, Heilige Magtige, Heilige Onsterflike, ontferm U oor ons.

[B] Heilige God, Heilige Magtige, Heilige Onsterflike, ontferm U oor ons.

[A] Heilige God, Heilige Magtige, Heilige Onsterflike, ontferm U oor ons.

[B] Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees.

[A] Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

[B] Heilige Onsterflike, ontferm U oor ons.

[A] Heilige God,

[B] Heilige Magtige

[A] Heilige Onsterflike

[B] ontferm U oor ons.

en daarna die Apolitikion – Toon 1

Toe U Lasarus voor u Lyding uit die dode opgewek het,
het U die gemeenskaplike Opstanding bevestig, o Christus God.
Daarom dra ook ons soos die Kinders die oorwinningstekens
en roep ons tot U, die Oorwinnaar oor die Dood:

“Hosanna in die hoogste hemele.
Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here.”

Gedurende die Doksologie lees die (Diaken en) Priester die oorblywende deel van Mette in ’n gedempte toon.

Diaken* Wees ons barmhartig, o God, volgens u groot barmhartigheid, ons bid U, hoor ons en wees barmhartig.

Here, ontferm U. (3x) En so ná elk van die oorblywende bedes.

Diaken* Ook bid ons vir die vrome, Ortodokse Christene.

Ook bid ons vir ons vader, pous en patriarg N., ons aartsbiskop en herder N., en vir al ons broers en susters in Christus.

Ook bid ons vir die President van ons land, en vir alle owerhede en magte wat oor ons gestel is.

Ook bid ons om barmhartigheid, lewe, vrede, gesondheid, heil en besoeking, vergifnis en kwytskelding van sondes vir die dienaars van God, alle toegewyde en Ortodokse Christene, wat in hierdie stad/dorp en gemeente woon of vertoef, vir die opsieners en lede van hierdie heilige Kerk en vir hulle familielede.

Ook bid ons vir die salige en gedenkwaardige grondleggers van hierdie heilige Kerk, en vir al ons Ortodokse broers en susters wat ons in die rus voorafgegaan het, en wat hier en oor die hele wêreld heen vroom ontslape lê.

Ook bid ons vir hulle wat offergawes bring, vir hulle wat goeie werke in hierdie heilige en al-eerbiedwaardige huis doen, vir hulle wat daar dien en hulle wat sing, en vir die volk hier teenwoordig, wat wag op U groot en ryke barmhartigheid.

Smeekgebed

Priester (in 'n gedempte toon)

O Here, ons God, aanvaar hierdie vurige smeekbede van u dienaars, en wees ons barmhartig na die volheid van u barmhartigheid. Laat u deernis op ons neerdaal en op u hele volk wat wag op u ryke barmhartigheid.

(hardop) Want U is ’n barmhartige en mensliewende God, en tot U stuur ons die lof omhoog, tot die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.

Diaken* Amen.

Diaken* Laat ons ons oggendgebed tot die Here voleindig.

Here, ontferm U. En so ná die volgende bede.

Diaken* Help ons, red ons, ontferm U oor ons en bewaar ons, o God, deur u genade.

Dat die hele dag volmaak, heilig, vreedsaam en sonder sonde mag wees, vra ons die Heer.

Skenk dit, o Heer. En so ná elk van die volgende bedes.

Diaken* Om ’n engel van vrede, ’n getroue gids en behoeder van ons siele en liggame, vra ons die Heer.

Om vergifnis en kwytskelding van ons sondes en oortredinge, vra ons die Heer.

Om wat goed en voordelig is vir ons siele, en om vrede vir die wêreld, vra ons die Heer.

Dat ons die oorblywende tyd van ons lewe in vrede en boetvaardigheid mag voleindig, vra ons die Heer.

Om ’n Christelike einde aan ons lewens, vreedsaam en sonder lyding of rede tot skaamte, en om ’n goeie verweer voor die ontsagwekkende regterstoel van Christus, laat ons vra.

Terwyl ons ons alheilige, onbevlekte, hooggeseënde en glorieryke Meesteres, die Theotokos en immermaagd Maria, saam met al die heiliges gedenk, laat ons onsself en mekaar en ons hele lewe toevertrou aan Christus ons God.

Aan U, o Heer.

Priester Want U is 'n God van barmhartigheid, medelye en mensliewendheid en tot U stuur ons die lof omhoog, tot die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.

Diaken* Amen.

Priester Vrede vir almal.

Diaken* En vir u gees. Laat ons ons hoofde voor die Here buig.

Voor U, o Heer.

Die priester sê in 'n gedempte toon

## Die Gebed by die Hoofbuiging

Heilige Here, wat in die hemel woon, en ag slaan op wat hier benede is, en met u alsiende oog op heel die skepping neerkyk, voor U het ons die nek van siel en liggaam gebuig, en ons smeek U: Heilige der Heiliges, strek u onsienlike hand uit u heilige woonplek en seën ons almal, en as ons opsetlik of onopsetlik gesondig het, vergewe ons, as die goeie en mensliewende God, terwyl U ons u aardse en hemelse seëninge skenk.

(hardop) Want aan U behoort dit om barmhartig te wees en ons te red, ons God, en tot U stuur ons die lof omhoog, tot die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.

Diaken* Amen. Wysheid. Seën.

Priester Geloofd is Hy Wat Is, Christus ons ware God, immer, nou en altyd en tot in ewigheid.

Diaken* Amen. Mag U, o Here God, die heilige en onfeilbare geloof van vrome, Ortodokse Christene, saam met sy heilige Kerk, versterk tot in ewigheid.

Priester Hoogheilige Theotokos, red ons.

Diaken* Eerbiedwaardiger as die Gerubim
en onvergelyklik glorieryker as die Serafim,
het u ongeskonde God die Woord gebaar.
Ware Theotokos, ons verheerlik u.

Priester Eer aan U, Christus God, ons hoop, eer aan U.

Diaken* Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.
Here, ontferm U. Here, ontferm U, Here, ontferm U.
Seën, heilige vader.

Priester Mag Hy wat opgestaan het uit die dode, Christus ons ware God, deur die gebede van sy al-onbevlekte, al-onskuldige, heilige Moeder, deur die krag van die kosbare en lewendmakende Kruis, die beskerming van die eerbiedwaardige liggaamlose hemelse kragte, die smekinge van die eerbiedwaardige, glorieryke Profeet, Voorloper en Doper, Johannes, van die heilige, glorieryke en alomgeëerde Apostels, van die heilige, glorieryke en seëvierende martelare, van ons heilige Goddraende Vaders en Moeders wat stralend in die askese was, van die heilige (N., aan wie die kerk toegewy is), van die heilige en regverdige voorouers van God, Joachim en Anna, van die heilige en regverdige vriend van die Heer, Lasarus, wat vier dae

dood was, en van al die heiliges, Hom oor ons ontferm en ons red, want Hy is goed en mensliewend.

Deur die gebede van ons heilige vaders, Here Jesus Christus ons God, ontferm U oor ons en red ons.

Diaken* Amen.

Tydens die sing van die Apolitikion van Mette buig die diaken sy hoof voor die priester en sê:

Dit is tyd vir die Here om te handel; seën heilige meester.

Priester Geseënd is ons God, immer, nou en altyd en tot in ewigheid.

Diaken* Amen. Bid vir my, heilige meester.

Priester Mag die Here jou tree op alle goeie dade rig.

Diaken* Dink aan my, heilige meester.

Priester Mag die Here God aan jou dink in sy koninkryk, immer, nou en altyd en tot in ewigheid.

Die diaken verlaat die heiligdom en gaan staan voor die Heilige Deure. Hy en die priester maak elk drie buiginge, terwyl hulle sê:

Eer aan God in die hoogste hemele, en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae. (3x)

Here, U sal my lippe open en my mond sal u lof verkondig. (2x)

Waar ons in die tempel van u heerlikheid staan, dink ons dat ons in die hemel staan. O Theotokos, hemelse poort, open vir ons die deur van u barmhartigheid.

Die Goddelike Liturgie neem nou ’n aanvang.

Terwyl die Ses Psalms gelees word, lees die priester die

## Twaalf Oggendgebede

1. Ons dank U, Here ons God, wat ons uit die slaap laat opstaan het en 'n woord van lof in ons mond geplaas het, om u heilige Naam te aanbid en aan te roep. En ons bid U: stuur nou ook, terwille van u medelye wat U nog altyd in ons lewens bewys het, u hulp oor hulle neer wat voor die aangesig van u heilige heerlikheid staan en wag op u ryke barmhartigheid. En gee dat hulle U altyd met ontsag en liefde sal dien, loof, en besing, en u onuitspreeklike goedheid sal aanbid. Want U kom toe alle heerlikheid, eer en aanbidding, Vader, Seun en Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

2. In die nag ontwaak ons gees tot U, ons God, want u gebooie is 'n lig op die aarde. Leer ons om geregtigheid en heiligheid in u vrees te volbring. Want ons verheerlik U, ons God wat waarlik bestaan. Neig U oor en hoor ons. En dink, Here, by name aan almal hier teenwoordig wat saam met ons bid, en red hulle deur u krag. Seën u volk en heilig u erfdeel. Skenk vrede aan u wêreld, aan u Kerke, aan die priesters, aan ons regeerders, en aan heel u volk. Want geloof en verheerlik word u al-eerbiedwaardige en verhewe naam, van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

3. In die nag ontwaak ons gees tot U, ons God, want u gebooie is 'n lig. Leer ons, o God, u geregtigheid, u bevele en u voorskrifte. Verlig die oë van ons verstand, sodat ons nooit in sondes tot die dood toe mag slaap nie. Verdryf alle duisternis uit ons harte. Skenk ons die Son van geregtigheid, en bewaar ons lewe ongeskonde van skadelike invloede deur die seël van u Heilige Gees. Rig ons skrede op die weg van vrede. Gee dat ons die daeraad en die dag met blydskap mag aanskou, sodat ons die oggendgebede tot U mag opstuur. Want aan U behoort die mag, en aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid: aan die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

4. Meester ons God, heilig en ondeurgrondelik, wat die lig beveel het om uit die duisternis te skyn, wat ons deur die nag se slaap laat rus het, en ons weer laat opstaan het om u goedheid te verheerlik en af te smeek; deur u eie goedhartigheid wat pleit by U: Aanvaar ons waar ons U nou aanbid en na die krag van ons vermoë dank, en skenk ons alles waarvoor ons vra wat tot ons verlossing sal lei. Maak ons kinders van die lig en van die dag, en erfgename van u ewige goeie dinge. Dink, Here, in die volheid van u medelye, aan u hele volk, aan hulle wat hier saam met ons aanwesig is en saam met ons bid, en aan al ons broers en susters, op land en op die see, en op alle plekke van u heerskappy, wat die behoefte het aan u mensliewendheid en bystand, en skenk hulle u groot barmhartigheid. Sodat ons altyd na liggaam en siel behoue mag bly en u wonderbare en geprese naam met vrymoedigheid mag verheerlik, van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

5. Skatkis van die goeie, ewige bron, Heilige Vader, wat wonders doen, almagtige heerser oor die heelal, ons almal aanbid U en smeek U, met 'n beroep op u barmhartigheid en medelye, om tot hulp en beskerming van ons geringheid te kom. Dink, Here, aan u smekelinge. Aanvaar ons almal se oggendgebede soos wierook voor u aangesig, en ag nie een van ons verwerplik nie, maar bewaar ons almal deur u deernisvolle dade. Dink. Here, aan hulle wat waak en sing tot u lof, en dié van u eniggebore Seun, ons God, en u Heilige Gees. Wees hulle Helper en Beskermer. Aanvaar hulle smekinge op u geestelike altaar bo die hemele. Want U is ons God, en tot U stuur ons die lof omhoog, tot die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

6. Ons dank U, Here, God van ons verlossing, dat U alles vir die welsyn van ons siele doen, sodat ons altyd opsien tot U, die Verlosser en Weldoener van ons siele. Want in dié deel van die nag wat verby is, het U ons rus gegee, en ons opgewek uit ons beddens om in aanbidding van u dierbare naam hier te staan. Daarom bid ons U, Here: Gee ons die genade en krag, sodat ons waardig geag mag word om met insig tot U te sing, en om onophoudelik te bid, terwyl ons ons eie heil met vrees en bewing uitwerk, met die bystand van u Christus. Dink, Here, aan hulle wat in die nag tot U roep. Verhoor hulle en ontferm U oor hulle, en verbrysel onder hulle voete die onsigbare, vyandige teenstanders. Want U is die Vredevors en die Redder van ons siele, en tot U stuur ons die lof omhoog, tot die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

7. O God en Vader van ons Here Jesus Christus, wat ons uit die bed laat opstaan het, en ons by die uur van gebed byeengebring het, gee ons genade as ons ons monde oopmaak, en aanvaar ons danksegging wat ons na vermoë tot U rig. En leer ons u voorskrifte, want ons weet nie hoe om na behore te bid nie, tensy U, Here, ons deur u Heilige Gees lei. Daarom bid ons U: As ons tot en met die teenswoordige uur gesondig het in woord, daad of gedagte, opsetlik of onopsetlik, gee ons kwytskelding, vergewe ons en spreek ons vry. Want as U wetteloosheid aansien, Here, Here, wie sal bestaan? Want by U is versoening. Want U alleen is heilig, 'n Helper, en 'n kragtige Beskermer van ons lewens, en tot U is ons lofsang voortdurend. Mag die heerskappy van u koninkryk geloof en verheerlik word, van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

8. Here, ons God, wat die traagheid wat die slaap meebring van ons verdryf het, en ons met 'n heilige wekroep byeengeroep het, om ons hande in die nag op te hef, en U te dank vir die oordele van u geregtigheid, aanvaar ons gebede, ons smekinge, ons belydenisse, ons nagtelike erediens. En skenk ons, o God, 'n onbeskaamde geloof, 'n vaste hoop en ongeveinsde liefde. Seën ons kom en ons gaan, ons dade en werke, woorde en gedagtes, en gee dat ons die dagbreek tegemoet mag gaan terwyl ons die goedertierenheid van u onuitspreeklike goedhartigheid prys, besing en loof. Want geloof word U alheilige naam, en verheerlik is u koninkryk, van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

9. Laat die suiwer lig van die kennis van U as God in ons harte skyn, o mensliewende Meester, en open die oë van ons verstand om u Evangelieboodskap te verstaan. Plant in ons ontsag vir u saligmakende gebooie, sodat ons, nadat ons alle vleeslike begeertes vertrap het, ons kan wend tot 'n geestelike lewenswyse, deur alles wat U behaag te dink sowel as te doen. Want U is ons heiliging en verligting, en tot U stuur ons die lof omhoog, tot die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

10. Here, ons God, wat vergifnis deur bekering aan die mensdom geskenk het, en vir ons as voorbeeld van die erkentenis en belydenis van sondes, die bekering tot vergifnis van die profeet Dawid voorgehou het: Ontferm U, o Meester, volgens u groot barmhartigheid oor ons wat deur 'n menigte, groot misstappe geval het, en wis ons ongeregtighede uit volgens die menigvuldigheid van u medelye. Want ons het gesondig teen U, wat die verborge en bedekte dinge van die mensehart ken, en alleen die gesag het om sondes te vergewe. Skep in ons 'n rein hart, versterk ons deur u bestierende Gees, maak aan ons die vreugde van u heil bekend, en verwerp ons nie van u aangesig nie. Maar, daar U goed en mensliewend is, laat dit u tot welbehae wees dat ons U tot ons laaste asem 'n offer van geregtigheid, en 'n offergawe op u heilige altare mag opdra. Deur die barmhartigheid, ontferming en mensliewendheid van u eniggebore Seun, met Wie U geloof word, saam met u alheilige, goeie en lewendmakende Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

11. O God, ons God, wat die geestelike en redelike magte deur u wil tot stand gebring het, ons bid U en smeek U, aanvaar die lofprysing wat ons en al u skepsels U na vermoë bring, en beloon ons met die ryke gawes van u goedheid. Want voor U buig elke knie van dié wat in hemel, en dié wat op die aarde en dié wat onder die aarde is, en alles wat asem het en alle skepsels besing u ondeurgrondelike heerlikheid. Want U alleen is die ware God, ryk aan barmhartigheid. Want al die Kragte van die Hemele prys U en tot U stuur ons die lof omhoog, tot die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

12. Ons prys U, ons besing U, ons loof U en dank U, o God van ons vaders, dat U die duisternis van die nag laat verbygaan en ons weer die daglig getoon het. Maar ons smeek u in u goedheid: Vergewe ons sondes, en aanvaar ons smeekgebed in u grote medelye, want tot U neem ons ons toevlug, die barmhartige en almagtige God. Laat die ware Son van u geregtigheid in ons harte skyn. Verlig ons verstand en bewaar al ons sintuie, sodat ons, soos in die dag, fatsoenlik mag wandel op die weg van u gebooie, en tot die ewige lewe mag kom; want by U is die bron van die lewe, en mag ons waardig geag word om ons te kan verheug in u ontoeganklike lig. Want U is ons God, en tot U stuur ons die lof omhoog, tot die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.